WINTERHOEK

Konfessionele basis

Waarom moet die Belharbelydenis geakommodeer word? Dit is die grootste struikelblok wat baie teen kerkhereniging laat stem. Meeste kommentaar wat van individue ontvang is; het nie op die voorstelle gereageer nie; maar is erg teleurgestel in ons kerk en stel nie belang om eers van hierdie saak te hoor nie. Hierdie saak skend volgens hulle die geloofwaardigheid van die NG Kerk net nog meer. Hulle is agterdogtig en wantrouig en sê daar is reeds planne gemaak en dit sal goedgekeur word ongeag wat hulle kommentaar is. Hulle het nog nooit gestem oor die beginsel of daar gesprekvoering oor kerkhereniging moet wees nie. Hierdie is net 'n poging om te sê die lidmate is gekonsulteer. Niemand gaan hulle aan hulle reaksie steur nie. Hulle vertrou nie die verwerkers van hierdie inligting nie. Volgens hulle kan jy met statistiek toor. Die inligtingstuk word deur sommige as te verwarrend beskou. Baie lidmate se kommentaar is 'n plein "nee" vir kerkhereniging. Hou politiek uit die kerk. Belhar bly vir baie lidmate polities en 'n struikelblok vir kerkhereniging. Hulle voel gemeentes gaan in elk geval uiteindelik onder druk wees om dit te aanvaar. Dit lyk na 'n doen wat jy wil, maar daar is 'n pistool teen jou kop houding. Die naam van Boesak wat oral in die media met hierdie saak verbind word ontstel lidmate. Hulle beskou hom as 'n politieke aktivis in 'n ander gewaad om naamlik ook die NGK waarmee baie blankes hulle nog vereenselwig, van hulle weg te neem en hulle daarvan te vervreem. Die groep in die NG Kerk wat eenheid ten alle koste dryf probeer alle sielkundige maniere om lidmate en Kerkrade sag te maak en net eers op die bus te kry.

Dis 'n verbetering op die vorige weergawe. Ons moet baie versigtig wees hoe hierdie saak hanteer word. Ons stem saam met Dr. Braam Hanekom dat geforseerde eenheid nuwe verdeeldheid sal bring. Dit kan selfs tot skeuring in die kerk lei. Ander is van mening dat dit die einde van die NG kerk gaan beteken. Dit is tog sekerlik nie wat ons wil hê nie. Is ons kerk nie op die oomblik besig met 'n saak wat baie tyd,energie fondse ens. gebruik terwyl ons primêre opdrag is om dissipels van mense te maak nie.? Een groep vind dit in orde.

Ander voorstelle

Vir ons lidmate is hierdie saak en die politiek te vermeng om te skei en te onderskei wie dien wie. Ons aanvaar nie Belhar as belydenisskrif nie. Dis in elk geval onnodig. Belhar moet totaal uitgehou word in enige samesprekinge. Dit is polities en humanisties en het ontstaan onder die hand van politieke aktivististe wat gehelp is deur van die kerkleiers uit ons eie kerk om dit op te stel. Die inligtingstuk is vaag en onduidelik. Dit lyk asof elke gemeente gaan maak soos hy wil. Waar wil jy 'n groter resep vir chaos hê wat juis die doelstellings van die bose is. Voorkom verdere kerkskeuring!

WINTERHOEK

<u>DIE MODEL</u>

Daar is te veel grys areas, onsekerhede. Wie gaan nie uiteindelik ter wille van eenheid toegelaat word nie? Die bestaande strukture soos streeksinodes en ringe moet vir vyf jaar onveranderd gelaat word. Wat gesien moet word as 'n proefperiode vir die nuwe Algemene Sinodale eenheid om sigself te bewys. Daar is hierdie jaar alleen harder gewerk en meer tyd spandeer om met die NGKA en VGK en RCA een te word as wat daar nog ooit bestee is om met die ander susterskerke te herenig. Dit wys mos wat sit daaragter – politiek! Ons verwerp die konsensusbesluit. 'n Balans tussen eenheid

en verskeidenheid is noodsaaklik. Kyk maar net na God se skepping. Die oorweldigende klem op eenheid versteur die balans. Verskeidenheid in die eenheid moet ook tot sy reg kom. Een groep vind die saak in orde. Dissipline in die kerk word versaak. Ons gaan klomp kerkies hê wat elk hulle eie ding doen en besluit. Daar gaan groter dwaling wees. Hoe kan 'n leraar of kerkraad aangespreek word. Solank sy kerkraad net agter hom staan. Tug gaan totaal by die venster uit.

ANDER VOORSTELLE

Moet nie die proses afdwing nie, laat dit vanself volgens behoefte ontwikkel. Dit lyk meer na 'n mensgedrewe eenheidstrewe. Ons wil dit maak werk. Laat God toe om dit op Sy tyd en manier te bewerkstellig as Hy dit so wil hê. Hoe gaan die strukture getallegewys saamgestel word? Getalle is belangrik wanneer dit kom by stemming. Gaan daar minderheids en meerderheidsgroepe wees? Getalle wat verteenwoordigend is, beteken drukgroepe of meerderheidsoorheersing in die kerk. As sekere gemeentes onttrek, stem die res soos hulle wil en die ander moet maar inval of ????? Chaos!

GESAMENTLIKE PROJEKTE

Hier is verskuilde motiewe en verkeerde prioriteite.. Daar is 'n duidelik neiging tot horisontalisme en weinig van die transendente se saak. Die kerk staan in diens van Sy Hoof . Alle projekte moet primêr die bevordering van die Koninkryk van God as vertrekpunt hê. Laat elkeen toe om die blom in God se tuin te wees waarvoor Hy ons gemaak het en moenie almal dwing om dieselfde blom – vorm, geur en kleur, te word nie. Waar gaan al die fondse vandaan kom vir al die nuwe progjekte? Gemeentes is reeds onder finansiële druk. Twee groepe vind dit aanvaarbaar.

ANDER VOORSTELLE

VERSOENING

Versoening is geestelik van aard. Al druk jy Alles en Almal in een blik het jy nog nie versoening nie. Twee groepe vind dit aanvaarbaar. Dit moet egter biddend hanteer word. Versoening wat lei tot skeuring van nog 'n groep lidmate weg van die NG kerk is tog geen versoening nie. Gedwonge eenheid lei tot spanning en konflik wat weer ontlont moet word en groter skade aan die koninkryke doen. Kyk maar na die VGK en die NGKA se stryde in die media. Die proses word gestoomroller. Hierdie versoening is humanisties geïnspireerd. Een groep vind dit in orde en het geen kommentaar nie

Moontlike naam

Waarom nie wag dat hereniging eers 'n werklikheid is nie? Hoekom moet die naam verander? Ons gaan mos net terug na wat ons was met kerkhereniging? Dit wys weereens dat alle name wat aan blanke oorheersing herinner verwyder moet word – ook die kerk se naam. Verenigde kerk van God. Afrika getransformeerde kerk.